# Kleinmond Gholf- en Sportklub

KLEINMOND
GOLF CLUB

# Grondwet

### 1. NAAM

Die klub se naam is die Kleinmond Gholf- en Sportklub

### 2. DEFINISIES

Die volgende betekenisse word aan woorde in hierdie grondwet geheg en moet as sodanig vertolk word:

2.1 “Klub” sluit die klubhuis, die klub se personeel, toerusting en terrein van die Kleinmond Gholf- en Sportklub in.

2.2 “Lede en ledegeld” sluit sowel dames as mans in en dui op lede van die klub wat deur die komitee aanvaar is en ledegeld aan die klub betaal het.

2.3 “Gedragskode” verwys na die dokument hierby aangeheg as Aanhangsel A: *Gedragskode en dissiplinêre prosedures.* Die dokument omskryf die reëls en regulasies van die klub, soos goedgekeur deur die komitee.

2.4 “Komitee” dui op die groep lede wat volgens paragraaf 16 van die grondwet op’n algemene jaarvergadering verkies is om die klub en sy lede in verskillende hoedanighede te dien.

2.5 “Kennisgewingbord” beteken die borde in en om die klubhuis wat vir vertoon en kommunikasie gebruik word, asook die kennisgewingboek wat vir dieselfde doeleindes gebruik word.

2.6 “Ledegelde” beteken die gelde wat lede jaarliks verskuldig is. Dit mag toegangsfooie en jaargelde insluit, maar nie affiliasie, HNA subskripsie of baangeld nie.

## 3. JURISDIKSIE

3.1 Die klub is 'n vrywillige vereniging van ten minste 35 (vyf en dertig) lede en tree as regspersoon en entiteit afsonderlik van sy lede op.

3.2 Die aanspreeklikheid van die lede word beperk tot die totaal van hul onbetaalde jaargeld vir die huidige boekjaar en enige ander bedrae aan die klub verskuldig.

3.3 Die klub besit sy eie bates en is in sy eie naam geregtig op en toegelaat om:

3.3.1 Op te tree as klaer, verweerder, applikant of respondent in enige regsgeding waarby hy betrokke is.

3.3.2 Enige vaste of roerende eiendom te bekom en enige regshandeling daaromtrent aan te gaan (op voorwaarde dat geen vaste eiendom van die klub vervreem of belas mag word nie, tensy daartoe gemagtig deur 'n besluit geneem op 'n algemene jaarvergadering, of 'n spesiale algemene vergadering wat vir dié doel belê is, met die goedkeuring van ten minste twee derdes van die stremme uitgebring in terme van paragraaf 119.6).

3.3.3 Sy eie sake en besigheid te bestuur, insluitend die verantwoordelikheid om peroneel aan te stel om take te verrig wat nodig is vir die bedryf van die klub.

3.3.4 Geskenke, donasies en bydraes van enige aard van enige persoon of instansie te aanvaar en in ontvangs te neem en daarvan register te hou.

3.3.5 Enige fondse waaroor dit mag beskik as lening of belegging aan te wend.

3.3.6 Lenings aan te gaan en die nodige sekuriteit daarvoor te verskaf.

3.3.7 Enige vaste of roerende eiendom te huur.

3.3.8 'n Honorarium of bonus benewens kontraktuele verpligtings aan enige beampte of werknemer van die klub toe te staan, mits dit behoorlik gemotiveer en deur die lede op enige algemene vergadering goedgekeur is.

3.3.9 Donasies te gee aan enige liefdadige instansie, fonds of persoon.

3.4 Die klub mag in enige geregshof dagvaar of gedagvaar word en in enige hoedanigheid in enige arbitrasie of ander tribunaal in sy eie naam gesiteer word, en mag in enige geding, hetsy in 'n hof, arbitrasie, ander tribunaal of andersins, deur enige persoon of persone verteenwoordig word wat deur die komitee daartoe gemagtig is.

3.5 Alle bates, fondse en winste van die klub sal aangewend word vir die uitsluitlike voordeel van die klub en nie vir die voordeel van enige individu nie.

## 4. NAKOMING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE DRANKWET EN VAN SEKSIE 30A VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET

4.1 Die terme en bepalings van hierdie grondwet is onderhewig aan die bepalings van die Drankwet No. 59 van 2003 en die voorskrifte van afdeling 30A (2) van die Inkomsatebelastingwet No. 58 van 1962.

4.2 Indien enige van die bepalings van hierdie grondwet bots met enige van hierdie of ander wette sal die betrokke wette of regulasies sover nodig outomaties van toepassing wees op die klub en geag deel te wees van sy grondwet.

## 5. VERPLIGTINGS EN DOELWITTE VAN DIE KLUB

5.1 Die klub is 'n vereniging van sy lede en beywer hom vir die normale doelwitte van 'n gholf- en sportklub. In die besonder wil die klub alle aspekte van die spel gholf aanmoedig, promoveer en bevorder, en ondersteun alle aspekte van gholf onder sy lede en besoekers wat die klub se geriewe gebruik.

5.2 Die klub bestaan nie vir die uitsluitlike doel om wins te maak nie, maar wend winste op verantwoordelike wyse aan om die volhoubaarheid en langlewendheid van sy bestaan tot voordeel van gholf te verseker.

5.3 Die klub is nie-polities en niemand sal toegang belet word of daarvan weerhou word om die klub se geriewe te gebruik op grond van ras, geloofsoortuiging, seksuele oriëntasie of enige ander moontlik diskriminerende gronde nie.

5.4 Die klub tree op in ooreenstemming met en nakoming van alle statutêre regulasies en vereistes betreffend die bedryf van die klub en mag alkohol, minerale en vonkelwater, sigare, sigarette, tabak, vuurhoutjies en verwante produkte verkoop en daarin handel dryf, ontspanningsgeriewe voorsien en toerusting verkoop wat met gholf verband hou, 'n restaurant en snoepwinkel bedryf en die nodige provinsiale en munisipale statutêre lisensies en permitte daarvoor bekom.

5.5 Die klub moet geaffilieer wees by die Boland Gholfunie en ander unies wat van tyd tot tyd gepas en tot voordeel van die klub en sy lede beskou word.

5.6 Die klub word toegelaat om fondse in te vorder of op te neem om die volgehoue voortbestaan van die klub te verseker, onder meer deur ledegelde, subskripsies, bydraes, heffings, toegangsfooie, geldinsamelings, baangelde, kompetisiefooie, borgskappe en die huur van gholfkarretjies.

## 6. REëLS VAN DIE SPEL

Die reëls van die spel van gholf in gebruik by die klub sal volgens *The Rules of Golf and the Rules of Amateur Status as approved by R&A Rules Limited* en die *United States Golf Association* wees, onderworpe egter aan sodanige wysigings, veranderings en byvoegings wat volgens die oordeel van die komitee nodig is om die plaaslike omstandighede te pas, met dien verstande dat sulke wysigings, veranderings of byvoegings nie teenstrydig met voorgenoemde reëls sal wees nie.

## 7. SPESIALE VOORSIENING VIR ERE-, TYDELIKE EN WEDERKERIGHEIDSLEDE

7.1 Geen persoon wat binne die grense van die Overstrand Munisipaliteit woon sal as ere-, tydelike of wederkerigheidslid verkiesbaar wees nie, behalwe waar:

7.2 So 'n persoon 'n openbare amp beklee of 'n bona fide kandidaat vir lidmaatskap is of 'n besonderse voordeel of diens aan die klub gelewer het, of

7.3 By besluit van die komitee die voorregte van lidmaatskap aan iemand toegestaan word wat aan 'n wedstryd of kompetisie deelneem.

**8. LIDMAATSKAP**

8.1 Gholflidmaatskap

8.1.1 Gholflede

8.1.1.1 Gholflidmaatskap verleen die lid volle toegang tot die geriewe en dienste van die klub.

8.1.1.2 Ledegeld en enige ander voorgeskrewe fooie per kategorie soos vasgestel deur die komitee moet elke jaar ten volle betaal wees op of voor 31 Maart. Hierdie kategorie lede het stemreg.

8.1.2 Institusionele lede

8.1.2.1 Ere-President

Die komitee mag een of meer ere-presidente verkies. 'n Ere-president en sy dienstydperk word deur die komitee aanbeveel en moet in terme van paragraaf 19.6 deur die lede op 'n algemene jaarvergadering bekragtig word.

8.1.2.2 Lewenslede

Die komitee mag enigeen wat na sy mening besondere diens aan die klub gelewer het, nooi om lewenslange lid van die klub te word. Die aanbeveling moet in terme van paragraaf 19.6 op 'n algemene jaarvergadering deur die lede bekragtig word.

8.1.2.3 Erelede

Die komitee mag enige persoon nooi om 'n erelid van die klub te word, op die terme en vir die tydperk wat die klub besluit. So 'n erelidmaatskap sal nie die tydperk van 'n jaar oorskry nie, tensy die komitee die erelidmaatskap aan die einde van die jaar hernieu. Die aanstelling moet in terme van paragraaf 19.6 op 'n algemene jaarvergadering deur die lede bekragtig word.

8.1.2.4 Buitelede

Enigeen wat 'n volle lid van enige ander gholfklub is en permanent buite die munisipale grense van die Overstrand Munisipaliteit woonagtig is, is geregtig om as buitelid by die klub aan te sluit. Ledegelde moet op of voor 31 Maart van elke jaar ten volle betaal wees. Buitelede sal nie stemreg hê op spesiale of algemene jaarvergaderings van die klub nie.

8.1.3 Sakelede

Enige besigheid, afgesien van domisilie, mag aansoek doen om sakelidmaatskap.

8.1.3.1 Sodanige lidmaatskap berus op die betrokke maatskappy se betaling van die jaarlikse ledegeld asook 'n lys van die name van al sy verteenwoordigers.

8.1.3.2 Die komitee sal besluit wat die toepaslike ledegeld vir sulke maatskappye moet wees.

8.1.3.3 Ledegeld en ander voorgeskrewe gelde soos bepaal deur die komitee moet ten volle betaal wees op of teen 31 Maart van elke jaar.

8.1.3.4 Al die verteenwoordigers van die sakelid sal dieselfde stemreg hê as klublede (paragraaf 8.1.1.2).

8.2 Tydelike gholflidmaatskap

Die komitee mag tydelike lidmaatskap toeken aan:

8.2.1 Enigeen wat 'n geldige aansoek ingedien het om lid van die klub te word, maar wie se aansoek nog nie deur die komitee bekragtig is nie, of

8.2.2 'n Bona fide deelnemer aan 'n wedstryd of kompetisie op die baan waarvoor hy/sy die voorgeskrewe fooie betaal het. Dit is geldig vir die tydperk waarvoor die fooi bestem is.

8.2.3 'n Gholfbesoeker wat lid is van 'n geaffilieerde gholfklub elders mag as tydelike lid geklassifiseer word, mits die besoekende lid die toepaslike fooie betaal het, en sal sodoende die voorregte van 'n tydelike lid geniet vir die periode waarvoor die betrokke fooie voorsiening maak.

8.2.4 Tydelike gholflede sal nie stemreg hê op enige algmene vergaderings van die klub nie.

8.3 Sosiale lidmaatskap

8.3.1 Sosiale lede kry toegang tot al die klub se geriewe en dienste, maar mag nie die geriewe gebruik voordat die toepaslike fooi soos bepaal deur die komitee betaal is nie.

8.3.2 Geen voorgee sal aan so 'n nie-spelende sosiale lid toegewys word nie. Die voorwaardes vir toelating as lid is dieselfde as vir gholflidmaatskap soos bepaal deur paragraaf 10 van die grondwet.

8.3.3 Ledegeld per kategorie en ander voorgeskrewe fooie soos bepaal deur die komitee is betaalbaar voor of op 31 Maart elke jaar.

8.3.4 Sosiale lede het nie stemreg nie, maar mag algemene vergaderings van die klub bywoon.

8.4 Besoekers

'n Sosiale besoeker wat van die klub se fasiliteite gebruik wil maak, moet deur 'n klublid of personeellid in die besoekersboek aangeteken word en so 'n lid aanvaar verantwoordelikheid vir die besoeker.

8.5 Om 'n lid van die klub te word, moet al die voorwaardes vir lidmaatskap, soos uiteengesit in paragraaf 10 van die grondwet, ten volle nagekom word. Alle lede, behalwe tydelike gholflede, is welkom om spesiale of algemene jaarvergaderings van die klub by te woon.

8.6 Alle lede en besoekers is onderworpe aan die gedragskode en dissiplinêre prosedures wat as Aanhangsel B by hierdie grondwet aangeheg word.

8.7 Toepaslike gelde vir lidmaatskap word jaarliks deur die komitee bepaal en deur die lede goedgekeur en hierby aangeheg as Aanhangsel B.

## 9. BEPERKINGS OP DIE VOORREGTE VAN LEDE

9.1.Die komitee het die reg om lidmaatskap per kategorie te aanvaar, beperk, op te skort of te beëindig.

9.2 Dit mag lidmaatskap ten opsigte van die gebruik van die klub se geriewe van tyd tot tyd deur 'n besluit van die komitee beperk. Sulke beperkings mag slegs die gebruik van die gholfbaan en klubhuis op sekere tye en sekere weeksdae behels.

9.3 Die komitee mag enige beperking op 'n lid of lede in terme van hierdie bepaling wysig of herroep, maar in die uitoefening van hierdie gesag steeds die belange van die klub se lede voorop stel.

9.4 Indien die komitee besluit om sy gesag kragtens hierdie bepaling uit te oefen, moet die besluit en enige wysiging daarvan onverwyld deur 'n elektroniese kennisgewing of op die klub se kennisgewingbord bekend gestel word.

## 10. **TOELATING VAN LEDE**

10.1 Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik op die voorgeskrewe aansoekvorm, hierby aangeheg as Aanhangsel C, gedoen en vergesel word van die ledegeld vir die eerste jaar of restant daarvan. 'n Afskrif van die klub se grondwet, gedragskode en dissiplinêre prosedures moet die aansoek vergesel.

10.2 Elke kandidaat vir lidmaatskap moet deur 'n lid van goeie naam voorgestel en deur 'n komiteelid gesekondeer word. Die lid moet ten minste twee komiteelede oortuig van die kandidaat se geskiktheid en hom aan ten minste twee komiteelede bekend stel. 'n

Komiteelid moet die aansoek onderteken as bevestiging dat hierdie voorwaardes nagekom is.

10.3 Indien die applikant se aansoek onsuksesvol is, sal ʼn terugbetaling van die voorgeskrewe fooie gedoen word.

10.4 Die handtekening van enige aansoeker om lidmaatskap op die voorgeskrewe aansoekvorm sal geag word as bevestiging dat die applikant die tersaaklike dokumente ontvang en gelees het en gebonde is deur die regulasies van die klub se grondwet, gedragskode en dissiplinêre prosedures. Dit is van toepassing op bestaande en enige toekomstige regulasies wat deur die komitee ingestel mag word en niemand sal vrygestel word van oortreding van hierdie reëls op grond daarvan dat ʼn afskrif van die grondwet, gedragskode en dissiplinêre prosedures nie ontvang is nie. Die komitee het die diskresie om die kandidaat te versoek om persoonlik voor die komitee te verskyn ter oorweging van die aansoek.

10.5 Indien dit blyk dat enige aansoeker of lid vals inligting van enige aard aan die klub voorsien het, hou die komitee die reg voor om so ʼn lid summier te ontslaan. ʼn Terugbetaling van ʼn deel van die ledegeld, indien enige, sal op diskresie van die komitee gedoen word.

10.6 ʼn Terugbetaling van ledegeld of ʼn gedeelte daarvan ná normale bedanking is ʼn voorreg en nie ʼn reg nie en die bedrag, indien enige, sal op diskresie van die komitee geskied.

11. **LEDEGELD EN JAARLIKSE SUBSKRIPSIES**

11.1 Die ledegelde betaalbaar vir die verskillende ledekategorieë word van tyd tot tyd deur die komitee vasgestel en op die algemende jaarvergadering bekragtig.

11.2 Ledegeld is jaarliks voor op of 1 Maart betaalbaar. Indien ʼn lid se gelde teen die laaste dag van Maart van die betrokke jaar onbetaald bly, word die komitee deur die bepalings van die Drankwet verplig om sodanige lidmaatskap tydelik op te hef.

11.3 Die klubbestuurder moet die name van mense wat teen einde Maart of so spoedig moontlik daarna nog nie hul ledegeld betaal het nie, aan die komitee voorlê. Hierdie mense sal skriftelik van hul tydelike suspensie ingelig word en dat nie-betaling van gelde tot beëindiging van hul lidmaatskap sal lei.

11.4 Indien eenmalige betaling van gelde nie moontlik is nie, mag lede die komitee persoonlik nie later nie as 31 Maart van die betrokke jaar nader om terme te bespreek of ooreen te kom vir betaling van die gelde in paaiemente.

11.5 Enige uitstel op terme sal voorsiening maak vir die heffing van rente bo en behalwe die standaardgelde soos deur die komitee bepaal.

11.6 Enige ooreenkoms wat nie nagekom word nie, sal lei tot beëindiging van lidmaatskap, waardeur die lid in terme van paragraaf 12 as wanbetalende lid beskou sal word.

11.7 Die komitee mag die tydperk verbonde aan lidmaatskap of ledegelde vir alle kategorieë van lidmaatskap of spesifieke posisies ophef of verleng. Sulke wysigings moet in terme van paragraaf 19.6 deur ʼn algemene jaarvergadering bekragtig word.

12. **WANBETALING VAN LEDEGELDE OF KLUBREKENINGS**

12.1 Enige lid wat nie sy verpligtings teenoor die klub nakom ten opsigte van die betaling van ledegeld of ware of enigiets anders wat aan die lid voorien is nie, waar meer as dertig (30) dae verloop het nadat betaling verskuldig was, of waar ooreengekome terme nie nagekom is nie, sal skriftelik in kennis gestel word van ʼn tydelike skorsing. So ʼn wanbetalende lid se toegang tot die klub se geriewe, sagteware en HNA-stelsels word geblok.

12.2 Enige wanbetalende lid sal ʼn tydperk van veertien (14) dae gegun word om sake reg te stel, ook met inagneming van Paragraafs 11.4 en 11.6, waarna die komitee, nadat die lid kans gegee is om sy saak te stel, mag besluit om so ʼn lid se naam tydelik of permanent van die ledelys te verwyder.

12.3 Enige lid in wanbetalerstatus word nie onthef van enige finansiële verpligtings teenoor die klub of die unie nie. ʼn Wanbetalende lid mag nie op ʼn klubvergadering stem of aan klubaktiwiteite deelneem of gebruik maak van die klub se geriewe voordat die agterstallige rekening ten volle vereffen is nie.

12.4 Die wanbetalende lid word verantwoordelik gehou vir die betaling van rente op die agterstallige bedrag teen dieselfde koers wat die klub aan die bank op ʼn oortrokke rekening sou betaal. Sodanige rente sal bereken word van die dag waarop die skuld betaalbaar was tot op die dag van vereffening.

12.5 Indien die klub regstappe doen om die uitstaande skuld te verhaal, sal die wanbetaler verantwoordelik gehou word vir die betaling van al die klub se regskoste, bereken volgens die skaal tussen prokureur en kliënt en insluitend invorderingskoste.

12.6 Sou die wanbetalende lid egter aanvaarbare redes aanbied vir die versuim om te betaal, mag die komitee uitstel toestaan. Sou die wanbetaler volgens die vergunning betyds die betrokke verpligting nakom, sal lidmaatskap herstel word.

13. **DAMESAFDELING**

13.1 Alle dameslede van die klub is integrale deel van die klub en vry om deel te neem aan alle kompetisies, vergaderings en klubaktiwiteite.

13.2 As meer as twaalf (12) vroulike lede aan die klub behoort, staan dit hulle vry om saam te kom en ʼn damesafdeling te vorm.

13.3 Die damesafdeling het die reg om reëls te bepaal en die afdeling te beheer en reguleer, mits sulke reëls nie strydig is met enige bepalings vervat in die klub se grondwet, gedragskode en dissiplinêre prosedures of die reëls van die spel nie (paragraaf 6).

13.4 Enige voorgestelde wysiging daarvan vereis die vooraf goedkeuring van die klubkomitee.

13.5 Die dameskaptein word op die algemene jaarvergadering verkies.

13.6 'n Vergadering van die damesafdeling moet gehou word om 'n onderkaptein en drie bykomende lede te verkies. Hulle vorm saam met die dameskaptein die komitee van die damesafdeling en besluit en rapporteer oor sake van belang vir die afdeling aan die klubkomitee. Hierdie vergadering moet binne dertig dae van die klub se algemene jaarvergadering plaasvind.

14. **LEDEREGISTER EN KENNISGEWING AAN LEDE**

14.1 Die klubbestuurder moet 'n amptelike register hou van die name, kontakbesonderhede en adresse van elke klublid.

14.2 Algemene kennisgewings aan lede, hetsy elektronies of aangebring op die klub se kennisgewingbord, word beskou as bindend op elke individuele lid.

14.3 Enige besondere kennisgewing gestuur deur welke metode ookal aan die adres van 'n lid soos weergegee op die klubregister sal geag word as afgelewer en as sodanig bindend.

14.4 Die is die plig van elke lid om die klub in kennis te stel van enige adresverandering.

15. **BESTUUR VAN DIE KLUB**

15.1 Samestelling en ampstermyn – Die klub word bestuur deur 'n behoorlik verkose komitee wat uit die volgende amptenare bestaan:

15.1.1 Die president, wat vir 'n tydperk van twee jaar verkies word. Hy tree op as voorsitter van alle algemene vergaderings. In die president se afwesigheid op 'n algemene vergadering sal die vise-president as voorsitter optree.

15.1.2 Die vise-president, wat vir 'n tydperk van twee jaar verkies word. In die afwesigheid van die president op 'n algemene vergadering sal die vise-president as vcoorsitter optree.

15.1.3 Die klubkaptein, wat vir 'n tydperk van twee jaar verkies word. Die klubkaptein tree op as voorsitter van alle komiteevergaderings en is geregtig op verteenwoordiging en volle stemreg op alle subkomitee-vergaderings. 'n Verkose klubkaptein mag nie meer as vier agtereenvolgende jare dien voordat hy vir ten minste een jaar opsy staan nie.

15.1.4 Die onderkaptein, wat jaarliks verkies word. Die onderkaptein tree in die afwesigheid van die klubkaptein as voorsitter by komiteevergaderings op. 'n Verkose onderkaptein mag nie meer as vier jaar agtereenvolgens dien voordat hy vir ten minste een jaar opsy staan nie.

15.1.5 Die dameskaptein, wat jaarliks verkies word, het volle stemreg in komiteevergaderings, tree op as voorsitter van vergaderings van die damesafdeling en het reg tot verteenwoordiging en volle stemreg op al die sukomitee-vergaderings van die damesafdeling. 'n Verkose dameskaptein mag nie meer as vier jaar agtereenvolgens dien voordat sy vir ten minste een jaar opsy staan nie.

15.1.6 Die tesourier, wat vir 'n periode van een jaar verkies word. 'n Verkose tesourier mag nie meer as vier jaar agtereenvolgens dien voor om ten minste een jaar opsy te staan nie.

15.1.7 Bykomende lede. Vyf (5) lede behoort jaarliks verkies te word. Verkose bykomende lede mag nie meer as drie jaar agtereenvolgens dien voordat hulle opsy staan of vir 'n ander posisie verkies word waarvoor hulle behoorlik genomineer is nie.

15.2 'n Verlenging van enige komiteelid se dienstyd van opeenvolgende jare soos hierbo uiteengesit kan voorgelê word op die algemene jaarvergadering, maar moet deur 'n twee-derde meerderheid goedgekeur word en dan slegs vir die toepaslike een of twee jaar.

15.3 Die komitee word deur meerderheidstem op die algemene jaarvergadering verkies.

15.4 Die komitee mag hulp deur koöptering betrek om die komitee by te staan met spesifieke take. So 'n gekoöpteerde komiteelid sal egter nie stemreg hê op komitee- of subkomiteevergaderings nie.

15.5. Indien 'n komiteelid bedank of nie meer in staat is om diens voort te sit nie, mag die komitee besluit om enige lid te koöpteer om die vakature te vul. In dié geval sal die nuut gekoöpteerde lid volle stemreg hê vir die restant van die ampstermyn.

## 16. **VERKIESING VAN DIE KOMITEE**

16.1 Die lede van die komitee word op die algemene jaarvergadering verkies deur die meerderheidstem van klublede, insluitend lewenslede en erelede, soos omskryf in paragraaf 8.1 en subparagrawe.

16.2 Kandidate vir verkiesing tot die komitee moet skriftelik deur 'n voorsteller en sekondant benoem word en dit moet skriftelik deur die genomineerde aanvaar word. So 'n nominasie moet ten minste sewe dae voor die algemene jaarvergadering op die klub se kennisgewingbord geplaas word.

16.3 Kandidate, nomineerders en sekondante moet daadwerklike klublede (paragraaf 8.1.1) van goeie naam wees, met alle gelde betyds betaal en met 'n skoon dissiplinêre rekord van ten minste die twee jaar wat die nominasie voorafgaan.

16.4 Uittredende komiteelede is binne die bepalings van paragrawe 15.2 en 15.3 hierbo herkiesbaar sonder dat hulle genomineer hoef te word.

17. **PROSEDURES VAN KOMITEEVERGADERINGS**

17.1 Die komitee sal gereeld vergaderings hou en sal enige lid wat drie agtereenvolgende vergaderings sonder verlof tot afwesigheid misloop uit sy amp onthef.

17.2 ʼn Kworum sal uit meer as vyftig persent van die verkose komiteelede bestaan.

17.3 Die kaptein is die voorsitter en in sy afwesigheid, die onderkaptein. Indien albei afwesig is, moet ʼn voorsitter uit die geledere van die aanwesige lede verkies word.

17.4 Geskilpunte wat tydens komiteevergaderings ontstaan, moet deur middel van ʼn meerderheidstem besleg word. Die voorsitter het ʼn beslissende stem tydens staking van stemme.

17.5 Die klubbestuurder of ander aangewese persoon tree as sekretaris van die vergadering op en hou notule van al die komitee se besluite. Hierdie notules word in ʼn toegewyde notuleboek bewaar. Die voorsitter en sekretaris moet alle goedgekeurde notules teken.

18. **MAGTE EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE**

18.1 Die beheer en bestuur van die klub

18.1.1 Die bestuur van die klub se sake en die uitvoering van die oogmerke waarvoor dit gestig is, setel in die komitee, wat geregtig is om sodanige magte van die klub uit te oefen wat vervat is in die grondwet of goedgekeur is op ʼn spesiale of algemene jaarvergadering. Hierdie magte laat nie toe dat vorige, goedgekeurde komiteebesluite ongeldig verklaar word nie.

18.1.2 In nakoming van die vertrouensplig van die klub en die bepalings van afdeling 30A(2)(a) van die Inkomstebelastingwet no. 58 van 1962 moet:

18.1.2.1 Ten minste drie (3) mense wat nie verwant of in ʼn verhouding tot mekaar is nie die fidusiêre verantwoordelikheid van die klub aanvaar en geen enkele persoon mag direk of indirek die besluitneming oor die klub se geldsake beheer nie.

18.1.2.2 Die klub word verbied om direk of indirek enige surplusfondse aan enige persoon uit te deel anders as in terme van subparagraaf (iii) van die Inkomstebelastingwet no. 58 van 1962, soos ook bepaal word deur klousule 25 van hierdie grondwet.

18.2 Delegasie

Die komitee mag na goeddunke enige van sy magte delegeer aan ʼn subkomitee wat uit een of meer van sy lede en/of lede van die klub of die klubbestuurder bestaan, buiten die rol van die dissiplinêre komitee (paragraaf 20). ʼn Subkomitee moet in die uitvoering van so ʼn delegasie die riglyne van die komitee en die bepalings van grondwet volg.

18.3 Bevoegdheid

Sonder om afbreuk te doen aan die komitee se algemene magte sal dit ook oor die volgende bevoegdhede beskik:

18.3.1 Om enige lopende rekening, spaarbelegging of ander rekening by enige goedgekeurde bank of finansiële instelling te open en daarmee te handel soos besluit word en om wissels, promesses, tjeks en ander verhandelbare of oordraagbare instrumente te trek, te teken, aan te neem, te endosseer, te verdiskonteer of uit te reik. Alle tjeks en ander dokumente wat betrekking het op die finansies of eiendom van die klub moet deur twee of drie persone wat deur die komitee benoem is, onderteken word.

18.3.2 Om klubfondse aan te wend en binne die raamwerk van die jaarlikse begroting te bestuur, met dien verstande dat veranderinge aan die uitleg van die baan en strukturele veranderinge aan die geboue van die klub goedgekeur moet word deur ten minste twee-derdes van die aanwesige, stemgeregtige lede by 'n spesiale of algemene jaarvergadering.

18.3.3 Om regulasies wat nodig is vir die bestuur van die klub neer te lê, te wysig of herroep, mits sodanige regulasies, wysigings of herroepings op die klub se kennisgewingsbord aangebring word ten minste veertien (14) dae voordat dit van krag word.

18.3.4 Om in die naam van die klub of in verband met enige saak wat die klub se belange raak regsgedinge, aksies, prosesse, eise, aanmanings of appèlle in te stel, te verdedig, deur te voer, 'n kompromis daaromtrent aan te gaan, te laat vaar of vir arbitrasie te verwys.

18.3.5 Om alle toerusting en alle voorraad, vloeistof en vaste stowwe wat benodig word deur mense wat die klub gebruik, te koop, te verkoop en daarin handel te dryf, en om die besigheid van 'n restaurant en/of verversingstasie te bedryf of laat bedryf.

18.3.6 Die komitee is bemagtig en word toegelaat om die dienste te bekom en kontrakte te sluit met konsultantde, kontrakteurs en enige ander bedrewe kundiges wat advies kan lewer, ondersoek instel en dienste of goedere voorsien wat nodig mag wees vir die bedryf van die klub.

18.3.7 Om beamptes of werkers van die klub aan te stel, te skors of af te dank en om hul salarisse, byvoordele en pligstate te bepaal en die nodige opleiding te verskaf. Die komitee moet finansiële inligting betreffend die klub se personeel omsigtig hanteer.

18.3.8 Die komitee het die volle mag om alle fooie en gelde te bepaal, onderhewig aan goedkeuring op die algemene jaarvergadering volgens paragraaf 19.6.

18.3.9 Om toestemming aan nie-lede te verleen om die klub te gebruik onder die voorwaardes deur die komitee gestel, of om na die diskresie van die komitee sodanige toestemming te weier.

18.3.10 Om kompetisies en toernooie te reël en te hou en om enige spesiale reëlings daarvoor te tref.

18.3.11 Om die voorwaardes van wederkerigheid met ander klubs te reël.

18.3.12 Om kandidate vir toelating tot lidmaatskap te keur en om enige lid wat in gebreke bly om enige skuld aan die kub te betaal se lidmaatskap te beëindig volgens afdeling 12 van die grondwet en sy subparagrawe.

18.3.13 Om alle klagtes en twispunte wat tussen lede, amptenare of werkers van die klub ontstaan te besleg, op voorwaarde dat die komitee skriftelik daartoe versoek is deur een of meer van die betrokke persone. Dit mag tot dissplinêre stappe lei. In al hierdie gevalle moet die die inhoud van die klagte of die aard van die twis op skrif gestel word. Die stappe beskryf in die *Gedragskode en dissiplinêre prosedures* moet gevolg word (Aanhangsel A).

18.3.14 Enige party direk by enige sanksies betrokke is, mag teen die komitee se besluit appèlleer soos uiteengesit in die *Gedragskode en dissiplinêre prosedures*.

18.3.15 Om enige plaaslike reëls te formuleer om die spel te reguleer. Hierdie reëls moet op die kennisgewingbord aangebring en mag na goeddunke van die komitee te enige tyd ingestel word.

18.3.16 Om jaarliks 'n inkomstestaat en 'n kapitaalbegroting op te stel wat aan die algemene jaarvergadering voorgelê moet word vir goedkeuring.

18.3.17 Om aanvaarbare finansiële rekords te hou in navolging van algemeen aanvaarde boekhoudingsbeginsels en 'n lederegister by te hou.

18.3.18 Om enige vaste eiendom te bekom, koop, huur, verhuur of verpand, onderworpe aan die goedkeuring van nie minder nie as twee-derdes van die aanwesige, stemgeregtigde lede by 'n spesiale of algemene jaarvergadering.

## 19. **ALGEMENE VERGADERINGS**

Algemene vergaderings van die klub bestaan uit algemene jaarvergaderings en spesiale algemene vergaderings.

19.1 <u>Algemene jaarvergaderings</u>

Die finansiële jaar sal elke jaar op 28 Februarie eindig, waarna die algemene jaarvergadering sal plaasvind op 'n tyd en plek soos deur die komitee bepaal, maar nie later as 30 April van elke jaar nie. Op hierdie vergadering moet die komitee behoorlik geouditeerde state van die klub asook 'n verslag oor die klub se aktiwiteite voorlê.

19.2 <u>Spesiale algemene vergaderings</u>

19.2.1 So 'n vergadering mag belê word op versoek van die komitee of op ontvangs van 'n skriftelike versoek wat die name en handtekeninge insluit van ten minste 25 stemgeregtigde klublede.

19.2.2 Die doelwit van so 'n beoogde vergadering moet duidelik uitgespel word. Op 'n spesiale algemene vergadering mag slegs die punte waarvoor dit belê is, behandel word. Geen nuwe punte sal aanvaar en geen bespreking buite die agendapunte sal toegelaat word nie.

19.3 Kennisgewing vir algemene vergaderings

Kennisgewing ten opsigte van die dag, uur, plek en agendapunte vir algemene jaarvergaderings moet 21 dae voor die algemene jaarvergadering en sewe dae voor 'n spesiale algemene vergadering elektronies en op die klub se kennisgewingbord gedoen word. Dit is nie nodig dat elke stemgeregtigde lid van die klub so 'n kennisgewing per pos ontvang nie, en nie-ontvangs van 'n elektroniese kennisgewing maak dit nie ongeldig nie.

19.4 Kworum by algemene vergaderings

'n Kworum by enige algemene vergadering is 25 stemgeregtigde lede en geen vergaderings kan gehou word indien 'n kworum nie aanwesig is nie. Indien 'n kworum nie binne 15 minute na die bestemde aanvangstyd van die vergadering verkry is nie, sal die vergadering verdaag vir dieselfde tyd en plek die volgende week. Die lede wat by hierdie tweede vergadering aanwesig is, sal 'n kworum vorm en die vergadering sal afgehandel word.

19.5 Magte en prosedures van 'n algemene vergadering

19.5.1 'n Algemene vergadering mag deur middel van stemming besluite ten opsigte van enige van die betrokke agendapunte neem sonder om die magte van die komitee te oorstem. Waar so 'n stemming indruis teen die besluite van die komitee, kan die algemene vergadering die betrokke saak vir heroorweging na die komitee terugverwys.

19.5.2 'n Algemene vergadering het die mag om intreegelde en jaargelde soos bepaal deur die komitee te bekragtig en om die regulasies ten opsigte van die toelating van besoekers te formuleer.

19.5.3 Die algemene jaarvergadering verkies die president, die vise-president en die komitee volgens die regulasies in hierdie grondwet uiteengesit.

19.5.4 Die algemene jaarvergadering wys 'n ouditeur aan en bekragtig die vergoeding ten opsigte van die afgelope jaar se ouditering.

19.5.5 Die algemene jaarvergadering bekragtig die aanstelling van enige erepresident, lewenslede en erelede soos van tyd tot tyd deur die komitee aanbeveel.

19.5.6 Die algemene jaarvergadering bekragtig die inkomste-, uitgawe- en kapitaalbegroting van die klub vir die nuwe finansiële jaar.

19.5.7 Enige bykomende agendapunte wat lede wil bespreek, moet 14 dae voor die vergadering skriftelik by die verantwoordelike beampte van die klub ingehandig en onder die lede versprei word.

19.5.8 By die aanvang van die algemene jaarvergadering moet die notules van die vorige algemene jaarvergadering/spesiale algemene vergadering gelees en goedgekeur word.

19.5.9 In die geval van die algemene jaarvergadering moet die kapteinsverslag en die klub se finansiële state daarna behandel word.

19.5.10 Geen mosies mag onder "algemene bespreking" behandel word nie.

19.6 Stemming by algemene vergaderings

19.6.1 Slegs geldige lewenslede en gholflede, soos omskryf in paragraaf 8.1 en subparagrawe, wie se lidmaatskap in orde is, wie se gelde volledig opbetaal is en wat beskik oor 'n skoon dissiplinêre rekord van ten minste een jaar voor die algemene vergadering, sal stemreg hê.

19.6.2 Alle stemming word gedoen deur die opsteek van hande, behawe wanneer vyf of meer aanwesige, stemgeregtigde lede versoek dat dit met stembriewe gedoen moet word. In alle gevalle het die voorsitter 'n beslissende stem by staking van stemme.

19.6.3 Alle klublede mag die vergadering bywoon en mag na die diskresie van die voorsitter toegelaat word om die vergadering toe te spreek.

## 20. **DISSIPLINE**

20.1 Die komitee wys jaarliks die dissiplinêre komitee aan, wat die gesag het om alle dissiplinêre aangeleenthede te ondersoek en by die komitee aan te beveel watter gepaste optrede geneem moet word.

20.2 Die dissiplinêre komitee aanvaar veranwoordelikheid vir klubdissipline en bestaan uit die president, kaptein en dameskaptein van die klub.

20.3 Indien enige lid die grondwet, die gedragskode of dissiplinêre kode van die klub oortree, of daarvan verdink word, of skuldig blyk aan onbehoorlike, oneerlike of onbetaamlike gedrag, of in versuim bly om na behoorlike kennisgewing skulde aan te klub te vereffen, of skuldig wees aan optrede wat geag word nadelig vir die klub se belange te wees, hetsy binne of buite die klub se gebied, sal die lid blootgestel wees aan dissiplinêre optrede deur die komitee.

20.4 Die gedragskode word as Aanhangsel A by hierdie grondwet ingesluit.

## **21. DIE REG OP APPèL**

Die riglyne van die gedragskode en dissiplinêre prosedures moet alyd deur die betrokke komitee gevolg word.

21.1 Enige lid wat betrokke is by 'n dispuut soos deur die dissiplinêre komitee beslis in terme van paragraaf 20, en deur die dissiplinêre komitee gestraf of geskors of versoek is om te bedank, het die reg om teen die uitslag te appèlleer deur binne sewe (7) dae ná die beslissing daarvan kennis te gee aan die klubbestuurder en klubkaptein.

21.2 Waar 'n lid geskors of versoek is om te bedank en daarteen appèl aangeteken het, bly die komitee se besluit hangend, en die betrokke lid bly uitgesluit van alle voordele van lidmaatskap van die datum van die besluit totdat die komitee sy beslissing oor die appèl gemaak het.

## 22. BEDANKINGS

Enige lid wat uit die klub bedank, moet dit skriftelik voor 28 Februarie doen, anders sal die lid verantwoordelik gehou word vir die pro rata ledegeld van die jaar waarin die lid bedank.

## 23. RISIKO

23.1 Enige lid, besoeker of private individu wat die klub se perseel betree, doen dit volledig op eie risiko. Die klub sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies, skade of besering, insluitend gevolglike verlies, van enige persoon of dié se eiendom onderwyl sodanige persoon of eiendom op die klub se perseel is nie, waardeur of deur wie dit ookal mag veroorsaak wees.

23.2 Kennisgewing van die risiko en aanspreeklikheid van die klub sal op strategiese toegangspunte van die klub en klubhuis aangebring word en enige lid, besoeker of private persoon moet hom/haar self vergewis van die risiko's. Die klub sal sulke kennisgewings beskou as voldoende inligting oor die risiko's en bindend op elke lid, besoeker of private persoon.

## 24. **ALGEMEEN**

24.1 Enige klublid mag ʼn klagte oor enige aspek van die klub aanhangig maak, mits hy/sy dit skriftelik by die verantwoordelike beampte van die klub indien.

24.2 Enige ongemagtigde spel van enige aard is verbode op die klub se eiendom, hetsy deur klublede, besoekers of lede van die publiek.

24.3 Enige skrywe, hetsy rekenings of kennisgewings, sal elektronies aan ʼn lid se laas bekende adres gepos word. Die pos daarvan sal as genoegsaam beskou word om aan die regulasies van die grondwet te voldoen. Kennisgewing oor agterstallige gelde of enige skrywe wat kan lei tot skorsing van die lid moet egter per aangetekende pos gestuur word, en die verantwoordelike beampte moet die kwitansie bewaar as bewys van afsending. Altenatiewelik moet die skrywe persoonlik aan die betrokke lid oorhandig word, met erkenning van ontvangs deur die lid.

24.4 Alle bekers en trofeë bly die eiendom van die klub tensy anders bepaal. Houers van bekers en trofeë is verantwoordelik vir die terugbesorging daarvan tien maande nadat dit gewen is, of binne sewe dae nadat die klub versoek het dat dit gedoen word.

24.5 Afrikaans en Engels geniet gelyke status, maar indien ʼn dispuut sou ontstaan oor die vertolking tussen Afrikaans en Engels, sal dit na die komitee verwys word vir uitsluitsel. In so ʼn geval sal die komitee beskik oor die finale, bindende gesag en geen appèl sal oor die aangeleentheid toegelaat word nie.

**25. ONTBINDING VAN DIE KLUB**

25.1 Die klub mag slegs ontbind word deur 'n twee-derde meerderheid van lede met stemreg op 'n algemene jaarvergadering of 'n spesiale algemene vergadering waarvoor behoorlik kennis gegee is in terme van paragraaf 19.3.

25.2 In die geval van die ontbinding van die klub op die laaste algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering, moet die bates geskenk of oorgedra word aan 'n ander vereniging, met doelwitte soortgelyk aan dié van die klub, wat op sigself vrygestel is van inkomsebelasting in terme van afdeling 30A van die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962, of aan 'n openbare bystandsorganisasie soos aangedui in paragraaf (a)(1) van die definisie van so 'n organisasie in seksie 30(1), wat goedgekeur is in terme van seksie 30(3) van die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962.

25.3 Indien 'n dispuut oor die toewysing van die bates op daardie laaste vergadering sou ontstaan, moet die saak na die Boland Gholfunie verwys word vir 'n beslissing.

25.4 Die klub sal geen buitensporige vergoeding aan enigiemand betaal in vergelyking met wat in die industrie of vir die werk gelewer as redelik beskou word nie; ook mag geen vergoeding bepaal word as persentasie van enige bedrae ontvang of voordeel deur die klub verkry nie.

26. **VERANDERINGS AAN DIE GRONDWET**

Veranderings aan die bepalings van hierdie grondwet is slegs moontlik op 'n algemene jaarvergadering of 'n spesiale algemene vergadering indien minstens twee-derdes van die aanwesige, stemgeregtigde lede daartoe instem. Die prosedures van so 'n vergadering moet ten alle tye nagekom word soos voorgeskryf deur paragraaf 19.6 hierbo.

27. **HERROEPING VAN DIE OU GRONDWET**

27.1 Die bestaande grondwet en wysigings van tyd tot tyd daartoe word herroep op die dag van die aanvaarding en ondertekening op 'n behoorlik saamgestelde algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering van hierdie grondwet en bepalings van die klub.

27.2 Die grondwet en bepalings soos goedgekeur op 'n amptelike algemene jaarvergadering word van krag op die datum hieronder aangedui en deur ondertekening hiervan deur die president en kaptein van die klub.

**PRESIDENT..................................** **KAPTEIN.....................................**

**Datum.............................** **Datum...............................**